DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE
VIR WETENSKAP EN KUNS
Engelenburghuis, Hamiltonstraat, h/v Ziervogelstraat, Pretoria

Posbus 538, Pretoria 0001
Telegramme: SAWEK
Telefoon: (012) 328-5082
Faks: (012) 328-5091

3/3/3/1(a)

26 Julie 2001

Prof. W.D. Jonker
Chenin Blanc 29
Kleingeluk
Die Boord
STELLENBOSCH
7600

Geagte prof. Jonker

Ek verwys na my brief van 19 April 2001 waarin ek u meegedeel het dat die N.P. van Wyk Louwmedalje vanjaar aan u toegeken is.

Die prys sal op Donderdag, 4 Oktober 2001 om 19:00 in die Endlersaal, Universiteit van Stellenbosch aan u oorhandig word.

Baie dankie vir die gastelys wat u op 17 Julie aan die Akademiekantoor gestuur het. Die gaste sal deur die Akademie namens u uitgenooi word.

U en u gaste word vriendelik uitgenooi na die onthaal na afloop van die plegtigheid.

Die **drag** is semi-formeel.

Skakel gerus indien u enige navrae het. Ek sal later met u in verbinding tree oor die praktiese reëlings rondom die bekroning.

Die toekennings sal in die onderstaande volgorde oorhandig word:

Elisabeth Eybersbeurs aan dr. Steward van Wyk
Alba Bouwerprys vir kinderliteratuur aan Martie Preller
Scheepersprys vir jeugliteratuur aan Jan Vermeulen
Eugène Maraisprys aan Tom Dreyer
Christo Wiesemedalje vir 'n opkomende entrepreneur aan mnr. Gerhardt Jooste
D.F. du Toit-Malherbeprys vir genealogiese navorsing aan dr. J.C. Visagie
Stalsprys vir Filosofie aan prof. A.B. du Toit
Stalsprys vir Politieke Wetenskappe aan prof. H.B. Giliomee
Frans du Toitmedalje vir bedryfsleiding aan mnr. P.V. Cox

Havengaprys vir Biologiese Wetenskappe aan prof. P.W. Crous
N.P. van Wyk Louwmedalje aan prof. W.D. Jonker
Hertzogprys vir Prosa aan André P. Brink
Erelidmaatskap van die S.A. Akademie aan dr. Anton Rupert

Vriendelike groete

Lawrie McFarlane

L.R. McFARLANE
HOOFSEKRETARIS

PROF. W.D. JONKER: N.P. VAN WYK LOUWMEDALJE
Huldigingswoord: prof. H.W. Rossouw

Vir die toekenning van hierdie prys word skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van 'n vertakking of vertakkings van die geesteswetenskappe en wat as 'n wesenlike en belangrike bydrae tot die bevordering van die geesteswetenskappe beskou kan word, in aanmerking geneem.

Prof. Willie Jonker is 'n emeritusprofessor van die Universiteit van Stellenbosch. Hy is een van die hoogaangeskrewe sistematiese teoloë in Suid-Afrika en word bekroon vanweë sy diepgaande en wydlopende bydrae tot die ontwikkeling van sy vakgebied en vanweë sy invloed op die akademiese en breëre denkgemeenskap van ons land.